

14 April

Skrifgedeelte: Lukas 24:36-56
Fokusgedeelte: Lukas 24:44-47

Die toepassing van die kruis en opstanding: vergewing en bekering

Wat was die hoogtepunt van Christus se werk op aarde? Sekerlik die kruis en opstanding. Dit was ook die hoogtepunt en samevatting van God se bemoeienis met die mens deur die eeue. In Christus het ons die vervulling van die wet van Moses en die profete en die Psalms. Christus het God se verlossingsplan tot sy diepste betekenis gebring.

Toe open Hy hulle verstand om die Skrif te verstaan. Die volheid van die Skrif word vir hulle duidelik. As hulle verstand oopgaan vir hierdie rykdom van die volheid van God se werk – sy geregtigheid, sy liefde en barmhartigheid – kan hulle die groot opdrag verstaan. Die boodskap moet uit: Verkondig dit aan al die nasies van Jerusalem af en verder.

Wat is die boodskap? Christus moes ly en op die derde dag uit die dood opstaan. Wat is die belangrike toepassings wat daarmee saam verkondig moet word? In sy Naam moet bekering en vergewing van sondes verkondig word.

Hierdie twee toepassings is belangrik in hul samehang met mekaar. Die een sonder die ander is soos 'n deur sonder een van sy twee skarniere – 'n onmoontlikheid en 'n skeeftrekking van die waarheid.

Net so belangrik as wat dit is dat God vergewe, is die opdrag tot bekering. God vergewe sodat ons na Hom toe kan terugkeer. Vergifnis sonder bekering is soos om ryk te erf sonder dat jy die erfposisie jou eie maak om te geniet.

Sing: Skrifberyming 24:6

Ds PA Odendaal (Evander)